18. Jeug en Onderwys

18.1 RAPPORT: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS (Artt 75, 201, 255, 284)

A. Dr EJ de Beer lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Jeug en Onderwys.
C. **Besluit:** Sake van finansiële belang word verwys na die Kommissie vir Finansies.
D. Dr VE d' Assonville rapporteer namens die Kommissie vir Jeug en Onderwys.
E. Br P Bisschoff gee inligting oor ARSO deur middel van 'n oudio-visuele aanbieding. Die voorsitter bedank die broeder en wens hulle sterkte toe.
F. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

G. **RAPPORT**

Die Deputate het die opdragte van Sinode 2006 onder verskeie Subkommissies verdeel vir uitvoering. Hierdie Subkommissies het gereeld verslag gelewer aan die volle Deputategroep.

1. Webblad, Inligting en Kommunikasie

1.1 *Opdrag:* Die te benoemde Deputate oorweeg om die studiestuk (oor evolusieleer) te verkort en die inligting wat daarin vervat is meer kernagtig te stel (Acta 2006:344, 1.4.2).

1.1.1 Uitvoering van opdrag

Die studiestuk oor evolusieleer is verkort en aan alle kerke versprei.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Opdrag:* 'n Duideliker Skriftuurlike beoordeling van "Teïstiese evolusie" moet *aandag* geniet (Acta 2006:344, 1.4.3).

1.2.1 Uitvoering van opdrag

Oor hierdie probleem is daar heelwat bespreking gevoer in sowel die Subkommissie vir Lesmateriaal as in vergaderings van al die Deputate tesaam sonder dat daar uitsluitsel hieroor verkry kon word.

Besluit: Kennis geneem.

1.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Sinode 2009 word versoek om Studiedeputate aan te wys om 'n duideliker Skriftuurlike beoordeling van Teïstiese evolusie te formuleer. Dit moet veral gedoen word in die lig van die verstaan van Genesis 1 en 2 en ander relevante Skrifgedeeltes.

Besluit: Goedgekeur met die volgende opdragte:

Ad hoc-deputate met kundiges uit verskillende vakgebiede word op grond van 1.2.1 en 1.2.2 – vgl Acta 2003 (424-428, 4.2) en Acta 2006 (343 en 344, 1.2.7-1.4.4 – aangewys met die volgende opdragte:

1. Die aktiewe apologetiese hantering van die evolusionisme op verskillende terreine, maar in die besonder op die terrein van die onderwys.
2. Die toerusting van ouers en onderwysers met verskillende moedertale en van verskillende agtergronde met die nodige deeglik begronde maar tog eenvoudig-hanteerbare en verstaanbare literatuur en media-(oudio-visuele) hulpmiddels in hierdie verband, verkieslik in die moedertaal.
3. 'n Indringende studie oor die vraagstuk geloof en wetenskap (waaronder ook onder andere die teïstiese evolusionisme en ander teorieë in die hantering van hierdie vraagstuk).

1.3 *Opdrag:* Die te benoemde Deputate versprei die stuk aan Kerkrade, verbondsouers en opvoeders op die beste moontlike wyse (Acta 2006:344, 1.4.4).

1.3.1 Uitvoering van opdrag

'n Meer kernagtige studiestuk getitel: "Evolusieteorie in die leerinhoude wat ons kinders moet bemeester: Hoe behoort Gereformeerde opvoeders dit te benader?" is uitgestuur aan alle Kerkrade binne die GKSA op 14 November 2006 deur die voorsitter (DJ de Kock) en skriba (JH Howell).

Besluit: Kennis geneem.

1.4 *Opdrag:* Die Deputate Christelike Onderwys se webblad moet in stand gehou *word* deur fondse wat beskikbaar gestel word (Acta 2006:363, 1.1.3.1).

Besluit: Kennis geneem.

1.4.1 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die Sinode word versoek om die moontlikheid te oorweeg dat die Deputate se webblad onafhanklik van die Deputate Inligtingstegnologie funksioneer. Dit sal opdatering en instandhouding van die webblad vergemaklik.

Besluit: Goedgekeur met die volgende toevoeging: Skakeling en koördinering in hierdie verband met die webmeester en ander betrokkenes by die GKSA-webblad is noodsaaklik, sowel wat tegniese, koöperatiewe beeld- en ander aspekte betref, maar ook ter wille van die skep en instandhou van onderskeie skakels tussen sodanige webblaaie. Aandag moet gegee word aan skakels met ander webblaaie plaaslik en oorsee waarin dieselfde beginsels oor gemeenskaplike temas aangespreek word.

1.5 *Opdrag:* Dat te benoemde Deputate, in die lig van bogenoemde aanbeveling, die ongepubliseerde dokumente en nuwe dokumente wat na die Sinode mag verskyn, op die webblad publiseer en die kerke op die hoogte bring van die nuwe inligting wat beskikbaar is (Acta 2006:363, 1.1.3.2).

Besluit: Kennis geneem.

1.5.1 Uitvoering van opdrag

Die Deputate rapporteer dat die webblad opgedateer is en 'n verskeidenheid dokumente oor Christelike onderwys beskikbaar is in pdf-formaat. Skakels met organisasies vir Christelike onderwys is op die webblad ingebou.

Besluit: Goedgekeur. Die te benoemde Deputate publiseer ongepubliseerde dokumente en nuwe dokumente wat na die Sinode mag verskyn ook op die webblad om die kerke op hoogte te bring van nuwe inligting en materiaal wat beskikbaar is.

1.6 *Opdrag:* Dat die te benoemde Deputate ook sal kennis neem van werk wat in plaaslike kerke gedoen is om webblaaie tot stand te bring (Acta 2006:363, 1.1.3.3).

Besluit: Kennis geneem.

1.6.1 Uitvoering van opdrag

Herontwerp en opdatering van die Deputate se webblad is deur 'n lidmaat van 'n plaaslike gemeente gedoen.

Besluit: Goedgekeur. Die te benoemde Deputate neem kennis van die werk wat in plaaslike kerke gedoen is om webblaaie tot stand te bring en te hou.

2. Onafhanklike skole en tuisonderwys

2.1 *Opdrag:* Ouers en Kerkrade moet weer eens daaraan herinner word dat hulle, gegewe die feit dat godsdiensonderwys in die skole tot die absolute minimum verminder is, 'n baie groter taak as in die verlede het ten opsigte van die godsdiensopvoeding van hulle kinders (Acta 2006:346, 2.3.1).

2.1.1 Uitvoering van opdrag

'n Omsendskrywe is aan alle Kerkrade gestuur; die besluite van die Sinode 2006 oor Christelike onderwys is daarin vervat. "*Inligting en kommunikasie oor die beginsels en praktyk van Christelike onderwys".* Die versoek is aan Kerkrade gerig om dit in hul weeklikse nuusbriewe aan die gemeentes bekend te maak.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die CO-deputate versoek dat die Sinode Kerkrade vra om jong lidmate te identifiseer en aan te moedig om die onderwysberoep as ‘n roeping te beskou en om hulle daarvoor te bekwaam.

Besluit: Goedgekeur. Deputate maak ‘n appèl op Kerkrade, teen die agtergrond van die huidige tekort aan onderwysers en die afsienbare groeiende tekort, om kinders in hulle gemeentes met die nodige gawes aan te moedig om onderwys te studeer.

2.2 *Opdrag:* ‘n Persoon/persone moet weer op die Deputate benoem word om te skakel met verskillende instansies wat betrokke is by onafhanklike Christelike onderwys / tuisonderwys, bv VCHO, ARSO, ARTO, BCVO (Acta 2006:346, 2.3.2).

2.2.1 Uitvoering van opdrag

Skakeling met die verskillende organisasies het plaasgevind. Kyk Bylaes A tot D.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Dat die opdrag kontinueer.

Besluit: Goedgekeur. ‘n Persoon/persone moet weer op die Deputate benoem word om te skakel met verskillende instansies wat betrokke is by onafhanklike Christelike onderwys, opleiding en tuisonderrig, bv ARSO/AROS, ARTO, BCVO, VCHO of soortgelyke verenigings/instellings asook instellings soos die OAER (Onafhanklike Afrikaanse Eksamenraad).

2.3 *Opdrag:* Kerkrade word versoek om die stigting en instandhouding van onafhanklike Gereformeerde skole in woord en daad te ondersteun en te bevorder (Acta 2006:346, 2.3.3).

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1 Uitvoering van opdrag

Die Sinode se besluite is in ‘n omsendskrywe aan Kerkrade gestuur. Kerkrade, gemeentes en Streeksinodes is deur ARSO besoek om Gereformeerde onderwys bekend te stel en behulpsaam te wees met die stigting van skole.

Besluit: Goedgekeur. Ooreenkomstig KO, art 21 word Kerkrade versoek om die oprigting/instandhouding van onafhanklike Gereformeerde ouerskole en/of Gereformeerde tuisonderrig deur ouers in woord en daad te ondersteun en te bevorder.

2.4 *Opdrag*: Dat die Sinode die VCHO-Bybelonderrig aanbeveel vir gebruik deur ouers by huisgodsdiens en by onderwysers vir gebruik in skole (Acta 2006:346, 2.3.4).

Besluit: Kennis geneem.

2.4.1 Uitvoering van opdrag

Die Sinode se besluite is in ‘n omsendskrywe aan Kerkrade gestuur. Die VCHO se Bybelonderrig is op die CO-deputate se webblad aanbeveel vir gebruik.

Besluit: Goedgekeur. Die aanbeveling van VCHO-Bybelonderrighulp en die hulpmiddels van ARSO (in die proses van ontwikkeling saam met GK Rietvallei) vir gebruik deur ouers by huisgodsdiens en by onderwysers vir gebruik in skole.

2.5 *Opdrag:* Dat die Sinode die handboeke wat deur ARSO saamgestel is, aanbeveel vir gebruik deur onderwysers in onafhanklike (staat-)skole en onafhanklike skole, ouers en tuisonderwys (Acta 2006:346, 2.3.5).

Besluit: Kennis geneem.

2.5.1 Uitvoering van opdrag

‘n Brief om ARSO se boeke bekend te stel, is aan alle gemeentes gestuur. Die nuutste bestelvorm is daarby ingesluit. ‘n Volledige stel ARSO-boeke is met behulp van ‘n borg aangekoop en aan lidmate van Namibië beskikbaar gestel. Die doel was om hulle toegang tot Gereformeerde lesmateriaal te gee, sodat hulle dit kan bestel vir tuisonderwys, Christelike skole en vir gebruik deur Christelike onderwysers in staatskole.

Kollektes afgesonder vir lesmateriaalontwikkeling is aan ARSO oorbetaal vir hul handboekprojek. ‘n Verslag oor die vordering van die projek is ingesluit in Bylae A.

Besluit: Goedgekeur. Die Sinode beveel die handboeke wat deur ARSO saamgestel is

aan vir gebruik deur onderwysers in openbare skole/onafhanklike skole en vir ouers wat tuisonderrig doen.

2.6 *Opdrag:* Dat Kerkrade aangemoedig word om instansies wat betrokke is by Gereformeerde onderwys / tuisonderwys uit te nooi om hulleself aan Kerkrade bekend te stel (Acta 2006:346, 2.3.6).

2.6.1 Uitvoering van opdrag

Verskeie gemeentes, streeksinodes, sustersorganisasies en susterssaamtrekke is deur verteenwoordigers van ARSO besoek en toegespreek.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Dat die opdrag kontinueer.

Besluit: Goedgekeur. Kerkrade word aangemoedig om instansies wat betrokke is by Gereformeerde onderwys en opleiding en/of tuisonderrig uit te nooi om hulleself in gemeentes bekend te stel. Adresse, telefoonnommers en ander inligting is beskikbaar by die Deputate.

3. Tussenkerklike Raad

3.1 *Die Sinode neem kennis*

Die Deputate het na aanleiding van die voorgestelde eed van getrouheid vir skole deur die Minister van Onderwys die volgende dokument saamgestel wat as reaksie van die Gereformeerde Kerke in dié verband moes dien:

Die Deputate Christelike Onderwys van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika deel die Minister van Onderwys se kommer oor die morele verval in ons land en sien haar voorgestelde eed van / verbintenis tot getrouheid as 'n eerlike poging om hierdie agteruitgang teen te werk.

Die Deputate kan egter vanuit 'n geloofs- sowel as opvoedkundige oogpunt nie die voorstel van die minister steun nie en wel om die volgende redes:

1. Die Minister van Onderwys se voorgestelde "eed van getrouheid" is vir 'n Christengelowige onaanvaarbaar op grond van die Bybel se duidelike afwysing van die aflê van 'n eed (vgl Matt 5:33–37 en Jak 5:12).
2. Indien die woord "pledge" wat deur die minister gebruik word, in Afrikaans met die woord "verklaring" of "onderneming" vertaal sou word, is sodanige "verklaring" of "onderneming" wat op 'n gereelde basis gemaak moet word, steeds onaanvaarbaar.
   - 2.1 Dit is nie die skool se primêre taak om politieke en sosiale euwels in die samelewing te bestry nie. Met so 'n "verklaring" beweeg die skool buite sy bevoegdheidsterrein, wat opvoedende onderwys is.
   - 2.2 'n "Verklaring" wat daagliks in 'n groep (al is dit vrywillig) gemaak moet word, kan nouliks anders as indoktrinasie gesien word. Indien die regering van die dag sou verander, sou hierdie "verklaring", veral in sy huidige vorm, noodwendig ook moet verander om by die politiek van die nuwe regering aan te pas.
3. Ons oorwoë mening is dat hierdie eed van / verbintenis tot getrouheid, veral in sy huidige vorm, eerder verdeeldheid in die hand sal werk as wat dit eenheid en harmonie sal bevorder.

Die voorstel ten opsigte van 'n eed/verklaring van / verbintenis tot getrouheid in die skole moet van die hand gewys word. Enersyds is dit 'n vorm van indoktrinasie en daarom nie opvoedkundig nie. Indoktrinasie ontneem ook die kinders in ons skole hulle grondwetlike vryheid van mening en oortuiging. Andersyds oorskry dit die grense van dit wat die skool as samelewingsverband veronderstel is om te doen. Ons mening is dat die owerheid hier besig is om iets te probeer bereik wat vir hulleself binne hulle politieke denkwyse belangrik is.

Ons is voorts van mening dat die morele en waardeverval in ons land (waarvan al die misdaad en geweld die bewys is) die gevolg is van die feit dat die huidige waardestelsel waarmee die lands- en onderwysowerhede werk nie in duidelike

godsdienstige oortuigings gefundeer is nie. Morele verval is die noodwendige gevolg van 'n leë en godsdienstig ongefundeerde waardestelsel. 'n Eed van / verklaring van / verbintenis tot lojaliteit gefundeer in sodanige waardestelsel is eweneens leeg en betekenisloos. Die Deputate vir Christelike Onderwys van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is bereid om 'n bydrae te maak tot (a) die skepping van 'n waardestelsel wat met betekenisvolle inhoud gevul is en (b) dusdoende ook tot die stryd teen die morele verval waarmee ons land tans geteister word.

Hierdie dokument is na die TKR asook na die Deputate vir Skakeling met die Owerheid deurgegee. Dit is verder ook in die vorm van 'n persverklaring uitgereik.

Besluit: Kennis geneem.

4. Lesmateriaal

4.1 *Opdrag:* Kerkrade word gevra om jaarliks 'n kollekte vir lesmateriaalontwikkeling af te staan (Acta 2006:348, 4.1.1.2).

4.1.1 Uitvoering van opdrag

ARSO se handboekprojek het goed gevorder met geldelike steun van gemeentes, dmv kollektes. ARSO se hartlike dank word aan die gemeentes oorgedra.

Besluit: Kennis geneem.

4.1.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

ARSO beraam dat dit nog 3 jaar sal neem om die handboekprojek grootliks te voltooi. Die Sinode versoek kerke om kollektes vir ARSO af te sonder ten einde ARSO in staat te stel om die handboekprojek te voltooi.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. Kerkrade word gevra om vir 'n verdere termyn tot die volgende Sinode 2012 jaarliks 'n verpligte kollekte vir lesmateriaalontwikkeling (handboeke) deur ARSO af te staan. Die Deputate monitor hierdie projek en adviseer die volgende Sinode oor die voortgesette ondersteuning van hierdie projek vir die verdere ontwikkeling van die lesmateriaal.

4.2 *Opdrag:* Neem kennis van tendense in die kurrikulum en die onderwys in die algemeen (Acta 2006:350, 4.1.6.2.1).

4.2.1 Uitvoering van opdrag

Evolusieleer kom tans in alle leerareas voor en is dikwels die lewens- en wêreldbeskouing van waaruit die leerinhoude aangebied word. Dit is nie vir die CO-deputate moontlik om alle handboeke te evalueer en alle probleemareas uit te wys nie. Dit is daarom noodsaaklik dat kinders die volle wapenrusting van God moet opneem om staande te kan bly. Dit beteken dat verbondskinders die Woord van God deeglik moet leer ken.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Hieraan behoort ouderlinge by huisbesoek besondere aandag te gee.

Besluit: Goedgekeur. Ouderlinge en lidmate moet toegerus word in die apologetiese hantering van evolusionisme, waarmee kinders in hulle onderrig en leerplanne gekonfronteer word. By die te benoemde Deputate asook by bv ARSO kan hulpmateriaal in hierdie verband aangevra word.

4.3 *Opdrag:* Monitor van beskikbare handboeke in die onderwys en lig Kerkrade en lidmate in oor die bruikbaarheid van lesmateriaal (Acta 2006:350, 4.1.6.2.2).

4.3.1 Uitvoering van opdrag

Afrikaanse openbare skole maak meestal gebruik van handboeke uit die Bateleurreeks en van Future Entrepreneurs. Hierdie leerinhoude is nie Bybelgefundeerd nie, maar is wel geskik vir onderrig van Christen-kinders in die openbare skoolstelsel waar geen godsdiens verkondig of bevorder mag word nie. Sensitiewe inhoude moet gemonitor en vir leerders in die regte perspektief gestel word. Dit bly noodsaaklik dat die leerinhoude in handboeke waaraan Gereformeerde kinders blootgestel word, op plaaslike vlak nagegaan word.

Handboeke wat deur ARSO saamgestel is, voldoen grootliks aan die voorskrifte en assesseringstandaarde van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklarings (HNKV).

Hierdie boeke gee ‘n Bybelse perspektief op die wyse waarop inhoude in handboeke van openbare skole aangespreek word, en kan met groot vrug as aanvullende leerinhoude deur onderwysers in openbare skole en Christen-ouers gebruik word, veral in die leerarea Lewensoriëntering. Handboeke oor Bybelonderrig kan ook aanvullend gebruik word by katkisasie-onderrig.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

(a) Kragtens KO, art 21 en met verwysing na die doopbelofte word plaaslike kerkrade aangemoedig om verbondsouers op hulle verantwoordelikheid in hierdie verband – die leerinhoud van hulle kinders se handboeke - te wys en hulle toe te rus.

(b) Plaaslike kerkrade word daarop gewys dat ARSO behulpsaam kan wees met die beoordeling van spesifieke handboeke en dat ouers ARSO in hierdie verband kan kontak.

(c) Kerkrade word aangemoedig om die handboeke wat deur ARSO opgestel is by plaaslike skole bekend en ook beskikbaar te stel, aangesien dit met groot vrug gebruik kan word.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

5. Skakeling Buitelandse lidmate

5.1 *Opdragte*

5.1.1 Opdrag 1: Dat die inligting van Gereformeerde en ander leerplanne waarna in hierdie Rapport verwys is, so wyd moontlik deur te benoemde Deputate aan lidmate in buurlande bekend gemaak word.

5.1.2 Opdrag 2: Dat die Deputate vir Ekumeniese sake ook aandag gee aan onderwyssake (insluitende bekendstelling van leerinhoude) in die uitvoering van hulle taak. Dat die te benoemde Deputate vir Christelike Onderwys die beskikbare materiaal op CD aan die Deputate vir Ekumeniese sake beskikbaar stel.

5.1.3 Opdrag 3: Dat alle Gereformeerdes getrou sal bid vir die verbondsouers en –kinders in afgesonderde omstandighede.

5.1.4 Opdrag 4: Dat die te benoemde Deputate in samewerking met ARSO en ander Gereformeerde onderwysinstellings, indien moontlik, ‘n seminaar aanbied vir Christenonderwysers in die hele Suidelike Afrika (Kenia en verder suid).

5.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

5.2.1 Inligting oor die onderwystoestande in Namibië, Botswana, Zimbabwe en Mosambiek is ingewin. Wat laasgenoemde 3 lande betref, stuur Gereformeerde ouers verkieslik hulle kinders na die RSA vir skoolonderrig. In Namibië is al byna 10 Christelike privaatskole ten volle aan die gang. Die ARSO leerplanne is beskikbaar gestel by Tsumeb Gimnasium te Tsumeb, Namibië, waar dit deur mnr Louis van der Linde hanteer word, en vanwaar dit na die ander skole deurgegee word vir blootstelling en aanbeveling.

Die ander leerplanne word wyd in die media, ook in die buurlande, adverteer, en die Deputate het nie verder hieraan aandag gegee nie.

5.2.2 Die AROS leerplanmateriaal sal gedurende Augustus 2008 aan die Deputate op CD beskikbaar gestel word, vir oorhandiging aan die Deputate Ekumeniese sake.

5.2.3 Die Deputate vertrou dat Gereformeerdes getrou is in hulle voorbidding vir verbondsouers en –kinders in afgesonderde omstandighede.

5.2.4 Die Deputate is besig met die insameling van inligting oor Gereformeerde Onderwysers by al ons kerke, ook in ons buurlande. Om ‘n seminaar aan te bied, kon nog nie realiseer nie, en die koste hieraan verbonde kan baie hoog wees. Die te benoemde Deputate kan die onderhandelings hieroor verder voortsit.

Besluit: Kennis geneem van 5.1.1 tot 5.2.4.

5.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

5.3.1 Dat skakeling met Gereformeerde ouers en Gereformeerde skole in ons buurlande verder uitgebou word.

5.3.2 Dat Gereformeerde leerplanne verder in ons buurlande beskikbaar gestel word, en dat daar in die begroting van die Deputate voorsiening gemaak word vir ‘n aantal volledige stelle handboeke van ARSO (teen ongeveer R6 000.00 per volledige stel) om aan Christelike skole en Gereformeerde ouers in ons buurlande te oorhandig.

5.3.3 Dat die Deputate CO skakeling met Gereformeerde ouers en skole in ons buurlande asook elders waar van toepassing (bv waar voormalige lidmate in ander wêrelddele die behoefte daarvoor sal hê) verder uitbou en alle relevante inligting en ondersteuningsmateriaal waaroor die Deputate beskik so wyd as moontlik aan hierdie persone en instansies sal deurgee. (In die algemeen kan met die Deputate Ekumenisiteit gekoördineer word; daar word aanbeveel dat skakeling met Zambië met die GK Thabazimbi gekoördineer word – kyk 8.2.8.11.)

5.3.4 Dat ‘n seminaar vir Christenonderwysers verder aandag kry, en dat in samewerking met ARSO en ander Gereformeerde onderwysinstellings, asook die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Potchefstroomkampus van die NWU, sodanige seminaar op ‘n bekostigbare wyse aangebied word.

5.3.5 Dat die tema(s) van so ‘n seminaar gesamentlik deur die verskeie rolspelers vasgestel word.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

6. Monitor verwikkelinge in die onderwys

6.1 *Opdrag:* Neem kennis van tendense in die kurrikulum en die onderwys in die algemeen (deel van opdrag by 4.2) (Acta 2006:350, 4.1.6.2.1).

Die huidige Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, het in haar begrotingsrede gesê dat sy die opvoeding en onderwys van die land wil aanwend om verandering in die land te bevorder. Gedurende die afgelope drie jaar het die gebeure rondom die onderwys, die voorgestelde wetgewing en die voorgenome beleidsverklaring met die aankondiging van die sogenaamde “Onderwys-eed”, hierdie neiging bevestig. In haar begrotingstoespraak op 15 Mei 2008 sê sy: “Education changes lives, changes communities”. Dit is waar, maar die vraag kan gevra word: Watter tipe verandering? Verandering om wat te bereik?

6.1.1 <u>Uitvoering van opdrag</u>

Tydens elke vergadering van die CO-deputate die afgelope drie jaar, het die gesprekke rondom hierdie sake gewentel, en nuusberigte uit die koerante, die radio en die televisie-uitsendings het die probleme waarmee die Deputate geworstel het, uitgelig as synde redelik kritiek. Hier kan verwys word na die volgende kwessies:

(a) Die insluiting van die tema van evolusionisme in die kurrikulum.
(b) Die voorgestelde onderwys-eed wat afgelê moet word deur elke leerder.
(c) Die verslegtende situasie in die openbare skole ten opsigte van veiligheid, dissipline en orde.
(d) Die alternatief van onafhanklike skole.
(e) Die uitdagings wat daar ondervind word vanweë ‘n tekort aan lesmateriaal, die skryf en publikasie van lesmateriaal, die opskerping van ouers om hulle kinders nie bloot te stel aan die nuwe kurrikulum nie, ens.
(f) Die ontslag van Ermelo Hoërskool se hoof.
(g) Die stryd om die handhawing van moedertaalonderwys, en die pogings om Afrikaans as voertaal in te kort.
(h) Die mislukking van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO); die “uitvinder” (William Spady) erken self dat die stelsel nie in die RSA gewerk het nie.
(i) Assessering skep ‘n groot probleem; soveel tyd word daaraan spandeer dat daar nie voldoende onderrigtyd oorbly nie.

(j) Daar word te veel klem gelê op vaardigheid, terwyl daar nie veel inhoud oorgedra word nie.
(k) Onderwysers word ook nie behoorlik toegerus nie.

Statistiek is verder ter tafel gelê waarvan kennis geneem behoort te word:

(a) Daar is wêreldwyd 11 miljoen weeskinders wat tot en met 2020 tot 40 miljoen sal aangroei.
(b) In 2020 sal daar in Suid-Afrika alleen ongeveer 2 miljoen weeskinders wees.
(c) In baie skole was daar met tye chaos agv die landswye stakings van onderwysers.
(d) Weens die verlore onderrigtyd, die afbrand van skole, die tekort aan onderwysers (waarvan baie ongekwalifiseerd is) word daar elke jaar baie probleme met die eindeksamen verwag.
(e) Die uitslae word toenemend swakker, en daar is nou weer sprake van die invoer van onderwysers uit ander (Oosterse) lande in die sogenaamde skaars vakke.
(f) Die aanvaarding van die nuwe Kinderwet het implikasies vir toekomstige verbondsonderrig waarvolgens sekere vorms van Bybelse ouerlike tug en dissipline as ontoelaatbaar beskou word.

Besluit: Kennis geneem van 6.1 en 6.1.1.

6.1.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die hoofsake wat uit die verwikkelinge in die onderwys oor die afgelope drie jaar na vore tree en wat voortdurend gemonitor behoort te word, is die volgende

(a) Die herstrukturering van die openbare skole tot instrumente van (lewensbeskoulike?) verandering tot so ‘n mate dat dit dalk uiteindelik vir Christenouers onmoontlik gaan wees om hulle kinders na hierdie skole te stuur.
(b) Die “inhoud” van die kurrikulum is van so ‘n aard dat dit nie aanvaarbaar is nie – die tema van evolusionisme is hier onder meer ter sprake.
(c) Die gehalte en die opleiding van onderwysers word bevraagteken.
(d) Die probleme rondom die handhawing van tug en dissipline lewer ernstige uitdagings aan Christenouers en –onderwysers.
(e) Onderwyserstakings, ‘n algemene gebrek aan orde en dissipline, toenemende dwelmmisbruik in skole, en ‘n oorwegend *laissez faire*-gesindheid maak van openbare skole ‘n minder aanbevelenswaardige opsie vir Christenkinders.
(f) Die onmiskenbare “dwang” om die karakter van die “nuwe demokrasie” in elke moontlike en onmoontlike plek of situasie af te druk, sy dit in die klaskamer of die personeelkamer – “social cohesion” is die wagwoord van die Minister, en deur beleid en wetgewing word dit op skole afgedwing.
(g) Die ontwikkeling rondom die nuwe Kinderwet moet gemonitor word. Die nuwe wetsontwerp moet bestudeer word en daar moet aan verbondsouers oor hierdie saak leiding gegee word.
(h) Daar moet ook aandag gegee word aan die instandhouding van akademiese en morele standaarde in die opleiding (van onderwysers) op tersiêre vlak.

Besluit: Goedgekeur.

7. Gesprek en samewerking met die Deputate vir Katkisasie en Deputate vir Jeug

Die voorsitter van die CO-deputate het op 'n gereelde basis met die voorsitters van die Jeugdeputate asook die Katkisasiedeputate vergader. Omdat hierdie bloot 'n koördineringskomitee was en nie 'n Deputaatskap met 'n spesifieke opdrag nie, word hier nie verslag gelewer nie, maar bloot vermeld dat werksaamhede gekoördineer is. Daar is toegesien dat sake wat die jeug betref nie gedupliseer is of eensydig hanteer is nie.

Besluit: Kennis geneem.

7.1 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Dat hierdie gesprek en samewerking voortgesit word.

Besluit: Goedgekeur met die volgende opdrag: Die Deputate skakel op ‘n gereelde basis of wanneer nodig met die Deputate vir Katkisasie sowel as die Deputate vir

Jeugsorg en *Kruispad* ter wille van koördinering, ondersteunende werksaamhede en die hantering van gemeenskaplike sake.

8. Die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-Universiteit

8.1 *Algemeen*

Die waardegedrewe wetenskapsbeoefening van die Potchefstroomkampus van die NWU bied voldoende gronde vir die CO-deputate om sy skakeling met die NWU voort te sit.

8.1.1 Uitvoering van opdrag

Daar is soos gebruiklik in Maart en April 2008 gesprekke met die Vise-kanselier van die NWU, dr Theuns Eloff, die Rektor van die Potchefstroomkampus, prof Annette Combrink, prof Pieter Potgieter (Direkteur, Skool vir Filosofie) en prof Ben de Klerk (Rektor, Teologiese Skool) gehou oor die rol en bydrae van die CO-deputate in die bevordering van die Christelik-reformatoriese karakter van die Universiteit.

Besluit: Kennis geneem.

8.2 *Uitvoering van opdragte soos vasgestel deur GKSA Sinode 2006*

8.2.1 Opdrag 1

Om die nuwe Statuut, die visie en missie van die NWU te ontleed en te bestudeer om die kerke, die lidmate en voornemende studente te adviseer oor die ruimte wat die Statuut, visie en missie bied om die Christelik-reformatoriese karakter van veral die Potchefstroomkampus van die NWU te bevorder en om Gereformeerde ouers aan te moedig om hulle kinders vir verdere studie by die Potchefstroomkampus te laat inskryf (Acta 2006:361, 8.3).

8.2.1.1 Uitvoering van opdrag

8.2.1.1.1 Huidige stand van sake met betrekking tot die transformasie-proses en karakter van die NWU

(a) Die aangepaste Statuut is deur die Minister van Onderwys aanvaar.

(b) Die ander twee kampusse het aanvaar dat elke kampus sy eie karakter mag hê. Daar is dus ruimte om die waardegedrewe karakter van die Potchefstroomkampus voort te sit.

(c) Vordering met die totstandbrenging van ‘n eie verpakking vir die Potchefstroomkampus:

(i) Een van die uitgangspunte is die beklemtoning van die wysgerige vorming in plaas van die lewensbeskoulike vorming van die studente.

(ii) Die hantering van wysgerige vraagstukke op enige vakgebied bied die platform om Christelike waardes aan die studente oor te dra. Hierdie benadering vorm een van vier strategiese doelwitte wat die Universiteit nastreef, en die Skool vir Filosofie neem die leiding in die saak.

(d) Die kontak met geesgenootlike instellings soos Calvin College en Dordt College in die VSA, Redeemer College in Kanada, Daystar in Kenia, Kosin in Korea sowel as De Driestar-Educatief in Nederland word onverminderd voortgesit.

(e) Deelname aan IAPCHE (International Association for the Promotion of Christian Higher Education) en kontak met die Council of Christian Colleges and Universities gaan ook voort. Die volgende internasionale konferensie van IAPCHE word DV September 2008 by die Pukkampus van die NWU gehou.

(f) Die Pro Reformanda Trust word aangewend om navorsing op die terrein van waardes te finansier.

(g) In die kursus vir nuwe dosente word wetenskapsleer steeds binne filosofiese konteks oorgedra.

8.2.1.1.2 Die studente

(a) Die studente wat op die Potchefstroomkampus inskryf voel sterk oor hul Christelike oortuigings en leef dit uit.

(b) In die formele studentelewe word daar steeds eksplisiet volgens Christelike oortuigings gefunksioneer.
(c) Die feit dat daar die afgelope aantal jare gereeld om en by 3000 eerstejaars by die Potchefstroomkampus ingeskryf het, is onmiskenbaar 'n mosie van vertroue in wat hier aangebied word en die benaderings wat gevolg word.

8.2.1.1.3 Publikasies
(a) Die tydskrifte: *In die Skriflig* en *Koers* sowel as *Woord en Daad* gaan voort.
(b) Die werksdokument "Christelike grondslag, inhoud en betekenis" is steeds op die Potchefstroomkampus se webwerf beskikbaar.

8.2.1.1.4 Verslag oor waardegedrewendheid van die Potchefstroomkampus
Na aanleiding van 'n versoek van die Gereformeerde Kerk Lyttelton is 'n aanbieding by die gemeente oor die waardegedrewendheid van die Potchefstroomkampus gemaak, en die aanbieding is in 'n verslag omskep wat by al die Gereformeerde gemeentes gesirkuleer is.

8.2.1.1.5 Nuwe module
Daar is by die Senaat aanbeveel dat by al die kampusse van NWU 'n module in "Understanding the world" ingestel word waarin die geïntegreerdheid van geloof en wetenskap ingebou word. Die projek staan onder die leiding van die Skool vir Filosofie.

Besluit: Kennis geneem van 8.2.1 tot 8.2.1.1.5.

8.2.1.2 <u>Sake waaroor die Sinode moet besluit</u>
(a) Die te benoemde Deputate stel in oorleg met die Senaat van die TSP en Kuratore offisieel in gesprekke met die NWU vas wat presies die inhoud, betekenis en implikasie van begrippe soos "waardegedrewe", "waardegedrewenheid" en "waardes" is.
(b) Die Deputate voer op deurlopende basis gesprekke met die verteenwoordigers van die NWU, Potchefstroomkampus van die NWU, TSP, Skool vir Filosofie, studentelewe van die Potchefstroomkampus en ander relevante persone oor die bevordering van die Christelik-reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing op die Potchefstroomkampus van die NWU.
(c) Dat daar met dank kennis geneem word van die hoë waardering wat daar is vir die rol wat die Teologiese Skool, Potchefstroom aan die Potchefstroomkampus speel.
(d) Die Deputate beywer hulle daadwerklik met geesgenote soos die VCHO en AROS vir die vestiging van 'n leerstoel vir Reformatoriese Filosofie op die Potchefstroomkampus van die NWU. In hierdie strewe gee die Deputate aandag aan die moontlikheid om die finansiële ondersteuning vanaf die GKSA aan die NWU op die volhoubare vestiging van 'n sodanige leerstoel te vestig.
(e) Dat die Deputate op 'n jaarlikse basis steeds briewe aan Kerkrade stuur waarin verbondsouers aangemoedig word om hulle kinders aan die Pukkampus, NWU te laat studeer om te help verseker dat Gereformeerde waardes gehandhaaf en uitgebou word. Daarmee saam moet die moontlikheid van die Pukkampus se afstandsprogramme ook bekend gestel word.
(f) Dat dit weer onder die Universiteit se aandag gebring word dat die jaarlikse leiersberaad (aan die einde van elke jaar) met die nuutverkose studenteleiers 'n ideale geleentheid bied om die waardegedrewendheid van die universiteit aan te spreek en om te besin oor die uitbou daarvan.
(g) Dat Kerkrade daarop gewys word dat hulle nie sake wat die verhouding tussen die kerke en die NWU raak, direk met die universiteitsowerhede sal opneem nie, maar dat hulle sover moontlik hierdie sake via die CO-deputate van die GKSA sal aanspreek.
(h) Die Deputate CO doen moeite om by Kerkrade, die TSP met Kuratore en by die Fakulteit Teologie ondersteuning vir die dringende eis van die deurwerk

en versterking van ’n Christelik-reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing op die Potchefstroomkampus van die NWU, maar ook op die ander kampusse, te bevorder en dit so aan verteenwoordigers van die NWU oor te dra.

(i) Op grond van die resultaat van hierdie navrae (8.2.1.2 [a] hierbo) beoordeel die Deputate die saak van ’n brief aan Gereformeerde ouers waarin hulle aangemoedig word om hulle kinders na die Potchefstroomkampus van die NWU vir studies te stuur, met die doel dat Gereformeerde waardes daar bevorder word.

(j) By wyse van ’n skrywe aan Kerkrade wys die Deputate daarop dat sake wat die verhouding met die NWU raak, verkieslik nie direk nie maar dmv die Deputate CO met die universiteitsowerhede opgeneem behoort te word

(k) Die Deputate bring onder die universiteit se aandag dat die jaarlikse leiersberaad (aan die einde van elke jaar) met die nuutverkose studenteleiers ’n ideale geleentheid bied om die waardegedrewenheid van die universiteit aan te spreek en om te besin oor die uitbou daarvan.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

8.2.2 Opdrag 2

Om toe te sien dat die historiese band tussen die NWU en die Gereformeerde Kerke gehandhaaf word (Acta 1994:403) deur die Streeksinodes te versoek om die Potchefstroomkampus uit te nooi om Streeksinodes toe te spreek en inligting te verskaf (Acta 2006:361, 8.3).

8.2.2.1 Sake voortspruitend uit gesprekke met die bestuurslede van die NWU

(a) Die visekanselier, dr Theuns Eloff, en die rektor van die Potchefstroomkampus, prof Annette Combrink, het hulle daartoe verbind dat inligting oor die NWU en die Pukkampus aan die Teologiese Professore beskikbaar gestel word vir oordraging aan die Streeksinodes.

(b) Prof Ben de Klerk, die rektor van die TSP, het ook die TSP se meewerking hierin bevestig. Hy onderneem ook dat die TSP sal toesien dat die saak van die NWU jaarliks aangespreek word wanneer die TSP se professore die onderskeie Streeksinodes besoek asook tydens hul “preeknaweek-besoeke” aan gemeentes.

(c) Prof De Klerk bevestig ook dat in die totstandkoming van die nuwe bedeling van die NWU daar op geen wyse met die Teologiese Skool se programme ingemeng is nie.

(d) Die Vise-kanselier, dr Theuns Eloff, en die kampusrektor, prof Annette Combrink, woon verder op uitnodiging die Kuratorevergaderings by.

Besluit: Kennis geneem.

8.2.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

(a) Dat die rektor van die TSP versoek word om toe te sien dat relevante inligting oor die NWU en Potchefstroomkampus jaarliks deur die professore wat die onderskeie Streeksinodes besoek oorgedra word.

(b) Dat die Teologiese professore ook die inligting oor die NWU en Potchefstroomkampus tydens hul besoeke tweemaal per jaar aan individuele predikante gedurende die sogenaamde “preeknaweekbesoeke” deurgee.

(c) Dat die professore van die TSP voortgaan om in die lig van KO, art 21 teologiese studente in te lig oor die verantwoordelikheid wat verbondsouers het t.o.v. die onderwys van ons verbondskinders.

(d) Dat voortgegaan word met die praktyk om ‘n uitnodiging aan die Vise-kanselier van die NWU en die rektor van die Potchefstroomkampus te rig om die Sinode toe te spreek.

Besluit: Goedgekeur.

8.2.3 Opdrag 3

Om die CO-deputate te versoek om, in hul strewe om waardegedrewe wetenskapsbeoefening te ondersteun, hulle visie te verbreed om nie net op die Potchefstroomkampus van die NWU te fokus nie, maar die hele hoër onderwyssektor in hulle strategie in te sluit. Die doel van hierdie voortgesette deelname aan die transformasieproses aan die Potchefstroomkampus van die NWU moet verder daarop ingestel wees om alles in werking te stel om te verseker dat die Christelik-reformatoriese karakter van daardie kampus nie in die transformasieproses in gedrang gebring word nie (Acta 2006:361, 8.3).

8.2.3.1 Uitvoering van opdrag

(a) Die Institusionele Forum (IF) is as raadplegende liggaam ingestel om die Universiteitsraad te adviseer oor sekere beleidsbesluite. Prof Marius Stander verteenwoordig tans die Konvokasie op die IF.

(b) Die samestelling van die NWU se konvokasie op grond van 'n nuwe Grondwet vir die gesamentlike konvokasie is afgehandel nadat die nuwe Statuut deur die Minister van Onderwys onderteken is.

(c) Al vier die verteenwoordigers van die Konvokasie op die Universiteitsraad is tans Oud-Pukke.

Besluit: Kennis geneem.

8.2.3.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

(a) Predikante en lidmate van die GKSA moet steeds aangemoedig word om lid van die Konvokasie te word om sodoende 'n bydrae te lewer dat die Potchefstroomkampus sy eiesoortige karakter behou.

(b) Dat daar jaarliks 'n brief aan Kerkrade en die Streeksinodes gerig word waarin predikante en lidmate aangemoedig word om by die Konvokasie van die NWU aan te sluit.

(c) Dat die professore van die TSP voortgaan om die teologiese studente aan te moedig om by die Konvokasie van die NWU aan te sluit.

Besluit: Goedgekeur.

8.2.4 Opdrag 4

Om lidmate, Kerkrade, die Fakulteit Teologie, die Kuratorium, Teologiese Skool en ander belanghebbendes se ferme en blymoedige ondersteuning vir die Christelik-reformatoriese karakter van die Potchefstroomkampus van die NWU te werf en aan die verteenwoordigers van daardie kampus bekend te stel (Acta 2006:359, 8.2.4).

8.2.4.1 Ter kennisname

Die Potchefstroomkampus het in terme van sy reg om 'n gemeenskapsleier op die Universiteitsraad aan te wys, dr DG Breed in die rol benoem.

Besluit: Kennis geneem.

8.2.5 Opdrag 5

Om reformatoriese onderwys nie slegs op die Potchefstroomkampus van die NWU nie, maar op alle lewensterreine te bevorder (Acta 2006:360, 8.2.5).

Besluit: Kennis geneem.

8.2.5.1 Uitvoering van opdrag

Die Deputate CO bevorder die reformatories onderwys nie slegs op die Potchefstroomkampus van die NWU nie, maar ook op alle lewensterreine in die samelewing sowel as by ander onderwysinstellings.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

8.2.6 Opdrag 6

Om aandag te gee aan die voorsiening van studiebeurse aan onderwysstudente asook aan alternatiewe opleidingstegnieke soos afstandsonderrig per satelliet en ander moontlikhede (Acta 2006:360, 8.2.6).

8.2.6.1 Uitvoering van opdrag

(a) Die Pro Ecclesia Beursfonds vir die ondersteuning van voornemende onderwysstudente het deur die insameling van kollektes by gemeentes tot

R373 122,00 in Maart 2008 gegroei en lidmate moet aangemoedig word om steeds fondse hiervoor te bewillig.

(b) Volgens die Reglement kan alleen die rente van hierdie fonds vir die beskikbaarstelling van lenings aan studente aangewend word. Daar is reeds lenings aan 13 studente toegestaan.

Besluit: Kennis geneem.

8.2.6.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

(a) Die naam van die fonds, wat slegs lenings toestaan, word verander na die Pro Ecclesia Studieleningsfonds.

(b) Die beskikbaarheid van die NWU se afstandsonderrigprogramme moet steeds onder lidmate in afgeleë plekke se aandag gebring word deur middel van beriggies wat elke Fakulteit van die Potchefstroomkampus in *Die Kerkblad* plaas.

(c) Die redaksie van *Die Kerkblad* word versoek om die onderskeie dekane van die Potchefstroomkampus te nader en om aan hulle op ‘n deurlopende basis in ‘n artikelreeks die geleentheid te bied om kortliks te verduidelik hoedat waardegedrewendheid in hul spesifieke vakgebiede geïntegreer en daadwerklik bevorder word.

(d) Kerkrade moedig kinders aan om Onderwys aan die Potchefstroomkampus van die NWU asook aan geakkrediteerde instellings soos veral AROS te gaan studeer en dat finansiële ondersteuning vir die doel soos per die Pro Ecclesia Studieleningsfonds uitgebou word:

(e) Daar voortgegaan word om een verpligte kollekte per jaar (tot en met die volgende Algemene Sinode in DV 2012) by te dra om die Pro Ecclesia Studieleningsfonds verder uit te bou.

(f) Alle Klassisse en Streeksinodes word versoek om ‘n bedrag per jaar (tot en met die volgende Algemene Sinode in DV 2012) by te dra om die Pro Ecclesia Studieleningsfonds uit te bou.

(g) Die Pro Ecclesia Studieleningsfonds steeds met gereelde korrespondensie vanaf die Administratiewe Buro onder die aandag van Kerkrade en lidmate gehou sal word en dat Kerkrade aangemoedig sal word om bydraes te maak vir die belangrike saak.

(h) Die Deputate versoek diakonieë van die GKSA in die lig van KO, art 21 om studente/kinders wat nie oor die nodige finansiële middele beskik nie, te ondersteun om onderwys aan die Potchefstroomkampus van die NWU of by AROS of ander geakkrediteerde inrigtings te studeer.

(i) Kerkrade die kinders in hulle gemeentes (met die nodige gawes en talente) aanmoedig om Onderwys te studeer, aangesien daar alreeds ‘n tekort aan goed-opgeleide Christen-onderwysers bestaan, en ‘n nog groter tekort binne die afsienbare toekoms voorsien word.

(j) Studente van Aros kom ook in aanmerking vir ondersteuning uit die Pro Ecclesia Studieleningsfonds.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

8.2.7 <u>Opdragte vir die CO-kommissie van die Pukkampus van die NWU soos voorgestel aan Sinode 2009</u>

8.2.7.1 Opdrag 1: Om die kerke, die lidmate en voornemende studente te adviseer oor die ruimte wat die Statuut, visie en missie van die NWU bied om die Christelik-reformatoriese karakter van veral die Potchefstroomkampus te bevorder en om Gereformeerde ouers aan te moedig om hulle kinders vir verdere studie by die Potchefstroomkampus te laat inskryf.

8.2.7.2 Opdrag 2: Die Deputate maak erns met die historiese band tussen die GKSA en die NWU. In hierdie proses is die wedersydse deurgee van korrekte inligting tussen die kerke en die universiteit, bv tydens Streeksinodes, belangrik. Hieronder ressorteer ook deurgee van die beskikbaarheid van afstandsonderrigprogramme

van die NWU aan lidmate (bv op afgeleë plekke) sowel as deurgee van inligting van die kant van (bv dekane van) die NWU, bv by wyse van artikels in tydskrifte.

8.2.7.3 Opdrag 3: Die CO-deputate moet in die bevordering van die Christelik-reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing nie net op die Potchefstroomkampus van die NWU fokus nie, maar breër op die hele onderwyssektor.

8.2.7.4 Opdrag 4: Om lidmate, Kerkrade, die Fakulteit Teologie, die Kuratorium, Teologiese Skool en ander belanghebbendes se ferme en blymoedige ondersteuning vir die waardegedrewe karakter van die Potchefstroomkampus van die NWU te werf en aan die verteenwoordigers van daardie kampus bekend te stel.

8.2.7.5 Opdrag 5: Die Deputate CO gee op ’n deurlopende basis aandag aan die vraag oor waar en hoe voornemende onderwysstudente finansiële ondersteuning vir hulle studies kan vind met die doel om die Christelik-reformatoriese beginsels op die onderwysterrein uit te leef.

8.2.7.5.1 Deputate gee aandag aan die verkryging van inligting oor die gebruik van alternatiewe onderrigtegnologie (bv per satelliet) en die deurgee daarvan.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

8.2.8 <u>Ander opdragte aan CO Deputate soos voorgestel aan Sinode 2009</u>

8.2.8.1 Dat die Deputate Christelike onderwys se webblad moet in stand gehou word deur fondse wat beskikbaar gestel word.

8.2.8.2 Dat te benoemde Deputate, in die lig van bogenoemde aanbeveling, die ongepubliseerde dokumente en nuwe dokumente wat na die Sinode mag verskyn, op die webblad publiseer en die kerke op hoogte bring van die nuwe inligting wat beskikbaar is.

8.2.8.3 Dat die te benoemde Deputate ook sal kennis neem van werk wat in plaaslike kerke gedoen is om webblaaie tot stand te bring.

8.2.8.4 Ouers en Kerkrade moet daaraan herinner word dat hulle, gegewe die feit dat godsdiensonderwys in die skole tot die absolute minimum verminder is, 'n nog groter taak as in die verlede het ten opsigte van die godsdiensopvoeding van hulle kinders.

8.2.8.5 ‘n Persoon/persone moet weer op die Deputate benoem word om te skakel met verskillende instansies wat betrokke is by onafhanklike Christelike onderwys / tuisonderwys, bv VCHO, ARSO, ARTO, BCVO. Kerkrade word versoek om by skole in hulle omgewing die boeke van ARSO en die aan te koop daarvan aan te beveel.

8.2.8.6 Kerkrade word versoek om die stigting en instandhouding van onafhanklike Gereformeerde skole in woord en daad te ondersteun en te bevorder.

8.2.8.7 Dat Kerkrade aangemoedig word om instansies wat betrokke is by Gereformeerde onderwys / tuisonderwys uit te nooi om hulleself aan Kerkrade bekend te stel.

8.2.8.8 Kerkrade word gevra om jaarliks ‘n verpligte kollekte vir lesmateriaalontwikkeling af te staan.

8.2.8.9 Neem kennis van tendense in die kurrikulum en die onderwys in die algemeen. Ontwikkelings in die onderwys moet gemonitor en waar toepaslik moet Christelik-reformatoriese getuienis gelewer word. Kerkrade, ouers en onderwysers moet ook hieroor adviseer word.

8.2.8.10 Monitor van beskikbare handboeke in die onderwys en lig Kerkrade en lidmate in oor die bruikbaarheid van lesmateriaal.

8.2.8.11 Om met lidmate in ons buurlande in verbinding te kom en onderwyssake aldaar te monitor, ten einde ook ons lidmate in ons buurlande blootstelling te gee aan die ontwikkeling wat betref Christelike onderwys. Skakeling met Zambië moet ook via Gereformeerde Kerk Koedoesrand gedoen word.

8.2.8.12 Gesprek en samewerking met die Deputate vir Katkisasie en Deputate vir Jeug word gekontinueer.

8.2.8.13 Die skep van ‘n databasis/poslys met die name en adresse van Gereformeerde onderwysers/lidmate (sowel binne- as buitelands) wat in die onderwys is, vir gebruik by die organisasie van bg seminare (kyk 5.1.4, 5.3.3 en 5.3.4) maar ook vir

die verdere deurgee van ondersteuningsmateriaal rakende Gereformeerde onderwys, waaronder leerinhoude. Kerkrade moet versoek word om die Deputate CO behulpsaam te wees vir die skep van hierdie poslys. ARSO sal die inligting administreer.

8.2.8.14 Gegewe die brief van aanmoediging van die kant van die CO-deputate aan Gereformeerde ouers om hul kinders aan die Pukkampus van die NWU te laat studeer, word Sinode 2009 versoek om ‘n Deputaatskap aan te wys om oor die waardegedrewenheid van die Pukkampus en aanverwante sake met die bestuur van die Universiteit gesprek te voer.

8.2.8.15 Deputate tree in gesprek met Christenonderwysers wat werksaam is in die huidige openbare skole om ondersteuning aan hulle binne hulle moeilike situasie te bied. Aandag kan gegee word aan remmende faktore in die uitleef van hulle gereformeerde roeping en aan die vraag hoe hulle binne hierdie omstandighede hierdie roeping in die opvoeding van die jeug steeds kan uitleef.

8.2.8.16 Die Deputate identifiseer die dringende kritiese areas (bv evolusionisme, multi-godsdiens, ens) met die doel om bestaande eenvoudige, duidelike en konkrete handleidings/inligtingstukke oor hierdie onderwerpe vir ouers, ouderlinge, predikante of wie dit nodig het, deur te gee.

8.2.8.17 Die Deputate vir Ekumeniese Sake sal die Deputate CO ondersteunend behulpsaam wees tov skakeling oor onderwyssake (insluitend die bekendstelling van leerinhoude) aan persone/instansies in die buiteland, waar van toepassing. Die Deputate CO stel ook leermateriaal dmv die Deputate Ekumeniese Sake aan Gereformeerdes en ander belangstellendes in die buiteland beskikbaar (kyk 5.1.2).

8.2.8.18 Die Deputate moedig alle Gereformeerdes aan om getrou vir verbondsouers en –kinders in afgesonderde omstandighede te bid (kyk 5.1.3).

8.2.8.19 Die Deputate CO gee aandag daaraan om in samewerking met bv ARSO en moontlike ander Gereformeerde onderwysinstellings ’n seminaar en/of seminare in verskillende streke/sentra vir Christenonderwysers op ’n bekostigbare wyse aan te bied. Ook Christenonderwysers uit buurlande moet by die seminaar/seminare betrek word. Temas vir die seminaar/seminare kan deur die verskillende rolspelers vasgestel word (kyk 5.1.4).

8.2.8.20 Die Deputate CO bly op hoogte van tendense en gebeure in die onderwys in die algemeen en met verwysing na KO, art 21 in die besonder, met die doel om ouers en Kerkrade en Gereformeerde onderwysers, sowel in die openbare of onafhanklike skole asook in tuisonderrig en in die tersiêre onderwys, ondersteunend en adviserend by te staan. Dit sluit in dat nuwe wetgewing (waaronder die nuwe Kinderwet) en enige ander beleidsdokumente wat oor onderwys uitgereik word, te beoordeel, ten einde doeltreffend in belang van Gereformeerde onderwys te handel.

8.2.8.21 Die unieke aard van die Christelike geloof en -godsdiens moet steeds in woord en op skrif bely word. Ouers en onderwysers word daartoe aangemoedig, ook deur hulle deelname aan die aktiwiteite van Gereformeerde of Christelike ouer- en/of onderwysersverenigings.

8.2.8.22 Die Deputate gee aandag aan die moontlikheid om Gereformeerde vakonderwysers te gebruik wat vir elke vakgebied binne Klassisverband of by naburige gemeentes op gereelde basis of na afspraak adviserend en selfs korrektief te kan optree. Die doel is om kinders en ouers by te staan oor die vraag, wat die Bybel oor bepaalde temas sê. In hierdie verband kan ook van ARSO se ondersteuning gebruik gemaak word.

8.2.8.23 Daar weer Deputate vir Christelike Onderwys aangewys word met die opdragte soos in die Rapport hierbo vervat.

Besluit: Punt 8.2.8.1 tot 8.2.8.23 word goedgekeur soos gewysig en bygevoeg.